# 4 Desember - VOLK

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:9**

Volke is 'n Godgegewe werklikheid (Gen 11). Die onderwerp "volk" bring in die meeste gesprekke nuwe lewe omdat daar soveel uiteenlopende gedagtes daaroor bestaan.

Dat u deel is van 'n spesifieke volk, is deur God beskik. Hy het volgens sy ewige Raadsbesluit u laat gebore word op 'n sekere tyd, onder sekere omstandighede en onder 'n sekere volk. Daar is volke waarmee u u kan vereenselwig en ander waarop u moontlik neersien. Sommige is heerssugtig, grootpraterig en ander vredeliewend, nederig. Nasies en tiranne het deur die eeue probeer om volke te verenig. Bloedbad op bloedbad, maar nog altyd sonder blywende sukses.

In God se almag, genade en vrye wil het Hy vir Hom 'n volk uitgekies. 'n Volk afkomstig uit verskillende volke. 'n Volk om Hom te dien en eer en skape van sy weide te wees. 'n Volk waarin daar nie meer Griek, Jood, Afrikaner of Zoeloe sal wees nie (Kol 3:11). Hierdie volk hef nie die verskillende volkere in hierdie lewe op nie, maar kan, word of mag ook geensins deur volkere ingeperk word nie.

Ja, die volk van God is 'n volk wat voor die grondlegging van die wêreld verkies is. 'n Volk wat nie deur 'n bloedbad van miljoene tot stand gekom het nie, maar deur die kosbare bloed van Een, naamlik Jesus Christus. 'n Volk wat nie verbygaan nie, maar vir ewig sal voortbestaan.

As Christen sal u dankbaar bely: "Ek is deel van die volk van God." God het egter hierdie volk as eiendom verkry om Hom te huldig as hulle Heer. Die burgers van sy Koninkryk moet sy deugde verkondig, moet Hom loof en alle eer gee omdat Hy uit genade u uit die duisternis van volkere geroep het tot sy wonderbare lig, tot sy volk. Ja, die volk bo al die volke! Doen u dit?

*Sing: Psalm 33: 5 (1936-beryming)* *Ds HL Stavast (Totiusdal)*